

**Skriflesing:** 3 Johannes 1Teks: **3 Johannes 1:9**Sing: **Ps 66:1,7; Ps. 36:1; Ps 5:1,5; Ps 131:1,2**

Waaruit het ons vandag geles?! Broeder en suster, dit is eintlik 'n kort briefie, maar tog 'n brief met 'n buitengewone inhoud. 'n Inhoud wat persoonlik na iemand kom, maar tog is die aard van hierdie inhoud 'n kerklike saak. Ek wil graag dat ons op hierdie sake ingaan, deur eerste te kyk na die persone in hierdie brief, tweedens die buitengewone inhoud, derdens, die kerklike saak.

**Die persone in hierdie brief:**

Die eerste reël van hierdie brief praat van *die ouderling aan die geliefde Gajus wat ek in waarheid liefhet*. Die ouderling waarvan ons hier lees, is Johannes self. Hy wat die brief skryf, maar hy noem nie sy naam nie. Hy skryf in v.1 gewoon as 'n ouderling van God, 'n gevolmagtigde, wat met die gesag van Christus optree. Hy ag dit nie nodig dat sy naam genoem word nie! Dit gaan nie hom nie, dit gaan om die eer van die Here, en oor dit wat in die gemeente aan wie hy skryf, aan die gebeur is.

Dadelik hoor ons die wyer verband waarin Johannes hier skrywe. Hy skrywe vir 'n gemeente, maar hy wil nie vir die kerkraad die brief skrywe nie. Dit is eintlik snaaks, baie sou selfs sê dit is onordelik. Johannes skryf aan Gajus, wat 'n lidmaat in die gemeente was. Verder weet ons eintlik nie veel van Gajus nie, behalwe wat Johannes hier van hom sê. Gajus was 'n gelowige met 'n groot liefde vir die kerk van die Here. Hy het sy medegelowiges se belange op die hart gedra, hy was opreg in sy lewenswandel, iemand met wie se geestelike welstand dit goed gegaan het. En dan het hy nog een groot goeie deug gehad, nl. *gasvryheid*.

\*\*\*

Heeltyd bly die vraag nou hoekom aan 'n lidmaat skrywe, een wat nie op die kerkraad is nie, tog word die hele brief gedra deur 'n kerklike aangeleentheid. Dis alles behalwe 'n kuier-briefie wat Johannes skryf, maar hy gaan die kerkraad verby. Hoekom hou Johannes hom nie, soos wat dit eintlik verwag kon word, dat waar 'n gemeente van God in die oog is, dan word 'n brief of vir die kerkraad en diakens geskryf, of die brief word aan die gemeente gerig, maar nêrens net aan een person in 'n gemeente nie.

Kyk maar na Paulus se baie briewe. Dit is briewe aan gemeentes- of in Rome, Efese, Galasiërs, elke keer word dit aan die gemeente gerig, en die brief aan die Filippense (het ons in ons vroeëre reeks gesien) word aan die ouderlinge en diakens gerig, Petrus skrywe weer aan die gemeentes in die verstrooiing. Dieselfde Johannes as dit kom by die Openbaring

boek, dan is daar sewe briewe aan sewe verskillende gemeentes of aan die voorganger van elke gemeente gerig.

Is Johannes nie nou buite orde nie?! Hy laat die kerkraad nie eers weet van sy brief nie, wat nóg van die inhoud daarvan. Die inhoud sal ons nou na kyk, maar een belangrike persoon, ja mag ek hom die sleutelpersoon op daardie kerkraad noem, daardie persoon was die hele problem. Sy naam was Diotrefes. 'n Mooi naam wat die ouderling dra, want die naam beteken gewoon "kind van God. Diotrefes, 'n ouderling aldaar, een wat selfs, so lyk dit, die leiding in die kerkraad geneem het, voorsitter van die kerkraad, maar so stel Johannes nou aan Gajus die probleem. Johannes maak die hele saak oop-v.9 *Ek het aan die gemeente geskrywe, maar Diotrefes, wat onder hulle die eerste wil wees, steur hom nie aan ons nie...* Laat ons dan nou in die tweede plek kyk na:

**Die buitengewone inhoud, van wat hier gebeur:**

Ons moet hierdie gemeente waarin Diotrefes, 'n ouderling is, en waarin Gajus, 'n lidmaat is, goed bekyk. Dit het in daardie tyd gebeur, soos wat dit maar nog baie keer in 'n kerk gebeur, dat daar ook predikante van vêr gekom het. Mense van vêr buite die grense van die gemeente, maar tog is hulle daar vir die groot doel, waarom daar orals kerke moet wees. Om die evangelie te verkondig. Sulke mense het in die tyd van hierdie gemeente, dit natuurlik nog baie swaarder gehad as wat ons dit ken. Hulle moes maar te voet loop, op stowwerige paaie, waar dit ook in die dae baie warm is, en in die woestyn klimaat is die nagte weer dikwels baie koud. Die paaie was baie gevaarlik.

As Johannes dan met Gajus praat, dan skryf hy ook hoe Demetrius, een van hierdie rond reisende predikers so gasvry daar aan die huis van Gajus ontvang het. Gasvryheid, dit is soveel werd. Daaruit kom soveel ander mooi dinge na vore. Soos die oosterling hierna kyk, is gasvryheid baie meer as om net aan iemand huisvesting te bied, maar dit is 'n liefdesdaad, 'n daad van bondgenootskap, wat in 'n lánng blywende verbintenis tussen twee mense ontwikkel. Ja, geen wonder as Paulus sy twee pastorale briewe skrywe, dan skryf hy aan Timotheus en aan Titus dat een van die vereistes om ouderling te kan wees, is om gasvry te wees (1 Tim. 3:2; Titus 1:8). En so was Gajus, al was hy nie 'n ouderling nie. Dit is ook nie nodig om 'n ouderling te wees, of 'n diaken te wees, as Johannes oor hierdie mooi dinge met Gajus praat nie.

Gajus, *ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan...* so persoonlik begin die brief, en dan gaan dit selfs oor Gajus se gesondheid, óók oor sy geestelike lewe- let veral op die woorde- *soos dit met jou siel goed (mag) gaan*. En dan loop die dinge wyer. Dit gaan ook oor die waarheid, oor hoe daar oor Gajus getuig word. En hoe hy in die waarheid wandel. En dan begin Johannes te praat, nie net oor sy getrouheid nie, maar ook oor sy gasvryheid. *Geliefde, jy handel getrou in alles wat jy doen- vir die broeders, en dit vir vreemdelinge.....*Hou daarmee aan – *Jy sal goed doen as jy hulle voorthelp op 'n voor God waardige wyse*. EN dan beskryf Johannes oor hoe hierdie manne in die Naam van die Here uitgaan, al mag hulle vir die ander vreemdelinge wees. Doen aan hulle goed, dan word ons mede-arbeiders van die waarheid. Dan verdwyn alle vreemdheid.

'n Mens is dan nie net as mense goed vir mekaar nie, maar 'n mens is dan ook goed vir wat dié waarheid is. Ja, hoe pragtig kring alles wyer, en wyer, net daar waar mense werklik mense vir die waarheid is. Mense wat in waarheid getuig, mense wat in waarheid wandel, mense wat in waarheid getrou is, mense wat in waarheid gasvry is, en dit nie maar net voorgee nie.

Geliefdes, so duidelik, ons moet nie net altyd die waarheid praat nie, maar ons moet ook die waarheid leef. In my goed-doen moet ek 'n mede-arbeider van die waarheid word, al is dit net deur ander Godsmanne goed te ontvang, dan is ek al 'n mede arbeider van die waarheid. En is dan by Hom wat die waarheid Self is – Jesus Christus. Waar Jesus se gesante goed ontvang word, is dit Jesus Self wat goed ontvang word. Die waarheid van my lewe kom dan uit by wat God se waarheid is. So het die waarheid van Gajus se lewe uitgekóm by wat God se waarheid is-nl. Jesus Christus.

\*\*\*

Mooier dinge kon daar nie van Gajus gesê word nie, maar net die volgende vers, ons teksvers, kom ons agter, waarom Johannes se brief so 'n buitengewone inhou dra. 'n Mens skrik eintlik, as die inhoud daarvan werklik deurdring. Johannes het 'n heel gewone kerklike pad geloop, hy het aan die gemeente geskrywe, deur aan Diotrefes, die voorsitter van die kerkraad te skrywe, *maar Diotrefes, wat onder hulle die eerste wil wees* –(eerste onder die kerkraad wil wees), *steur hom nie aan ons nie*. Hy het nie Johannes se brief aan die gemeente voorgelê nie, hy het die brief stilletjies geïgnoreer, seker selfs verduister.

Daar is in daardie gemeente 'n man op die kerkraad, wat altyd die eer wil hê, wat heerssugtig is, wat eerste wil wees. Hy is nie 'n regeerder in die naam van Christus nie, maar 'n heerser in sy eie naam. Dit maak hom 'n liefdelose tipe, 'n skandvlek vir die kerk van Christus. En tog is hy 'n man met invloed. Hy sal wil wys, hoeveel hy al vir hierdie kerk beteken het, wat hy al vir die kerk gedoen het. Maar hoe maak hy? Al is hy 'n ouderling, wat op dieselfde gesag as Johannes aanspraak kan maak, weier hy enige ander insprake in die gemeente. Selfs 'n apostoliese brief, geskryf onder inspirasie van die Heilige Gees, word vanaf die gemeente weggehou. Hy soek duidelik net sy eie eer. Waar mense hom teëgaan, word hulle eenvoudig verdag gemaak. Ja, sulke kwaad kring ook uit, want Johannes sê ook dat *hy met slegte woorde teen ons uitgevaar het*. Letterlik staan hier, hy het die apostels, waaronder Johannes een is, beswadder en beskinder.

Diotrefes ken ook geen gasvryheid nie. Hy het geen besoekende prediker, wat in die Naam van die Here uitgegaan het, wou ontvang nie. Hy verbied hulle om in die gemeente te mag kom, en hoe ver het hy net-nie gegaan nie. Daar waar manne en vroue hom enigsins in die gemeente teëgegaan het, het hy hulle die gemeente uitgewerp. M.a.w. op 'n eie regtige wyse het hy die mense onder sensuur geplaas, hulle uit die kerk van Christus geban, hulle uitgewerp, asof hulle die sondaars is.

\*\*\*

En dit alles, geliefde broeder en suster, deur een mens in 'n kerk, - al is hy in die geval 'n ouderling gewees, wat met die ding rondloop van om *die eerste te wil wees*. Sien u, hoe so 'n een mens, 'n hele kerk kan omkeer. Hoe so 'n mens, selfs 'n apostel kan dwing, die apostel Johannes, om 'n buitengewone pad te moet omgaan, om maar vir iemand in die gemeente, Gajus, die brief te skryf, en om dan vir Gajus en deur Gajus, vir die hele gemeente te waarsku, teen Diotrefes.

Hierdie optrede van Johannes is buitengewoon, maar tog baie reguit. Johannes, wat so vol liefde en vol deernis, tot Gajus skrywe, is dieselfde Johannes wat vir Diotrefes uitwys vir wat hy is, want dit gaan nie maar net oor Diotrefes nie. Dit gaan oor 'n hele kerklike saak hieragter. Ons laaste gedagte is is dan vanoggend –

**Die kerklike saak:**

Geliefdes, besef ons wat ons doen, wanneer ons mekaar in die kerk beswadder, wanneer ons van mekaar skinder, wanneer ons maar sommer net dinge sê, wat nie bewys is nie, en ook nie bewys kan word nie.

Maar ons sê maar sommer net 'n ding om die gemeente, of 'n gedeelte van die gemeente in 'n swak lig te stel. Dit kan party keer dinge wees, wat ons self nie eers presies weet wat aangaan nie, maar sê wil ons iets sê. Dan moet ons vandag vir mekaar sê, “aangename kennis Diotrefes”, maar dit is ongelukkig nie so aangenaam dit wat Diotrefes in die gemeente van sy tyd veroorsaak het nie.

\*\*\*

Diotrefes, en dit wat Johannes van hom sê, dit sou seker nie so erg gewees het, as dit was dat dit nou net van hom gegeld het nie. Maar, broeder en suster, waar sulke dinge gebeur, soos dié waar Diotrefes was, is ongelukkig nie net beperk tot sy persoon nie. Deur so een mens, of deur so een storie wat in 'n gemeente kan begin loop, is dit kort voor lank, of die hele kerk van die Here, die hele gemeente is op die lappe. Dit word 'n hele kerklike saak, 'n hele gemeente word in swak lig gestel, deur iets wat net een mens sê, of een mens doen.

En dan moet ons mooi verstaan, dit gaan nie daaroor om dinge toe te smeer nie, alles behalwe, maar dit gaan oor daardie één saak wat Johannes so by Gajus opgemerk het, en wat hy by herhaling vir Gajus beklemtoon, nl. waarheid. Johannes sê aan Gajus dat ek jou in waarheid liefhet. Waarheid en liefde hoort bymekaar. Waarheid sonder liefde is brutaal, liefde sonder die waarheid is sentimenteel. Waarheid en liefde moet altyd één wees! Hoor hoe brei Johannes op die waarheid en liefde uit- v.4- *Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel..* So onderstreep Johannes bykans in elke vers die saak van ons moet *mede-arbeiders van die waarheid wees*. As ons maar net hou by die waarheid, en enkel en alleen net die waarheid, dan is daar so 'n groot kerklike saak, wat reg is.

\*\*\*

Waar nie waarheid is nie, en waar Diotrefes is, loop die dinge baie vinnig die ander pad, die verkeerde pad. Deur jou nie aan ander te wil steur nie, deur met slegte woorde teen mense uit te vaar, deur nie gasvry te wees nie, maar vir ander mense hindernisse op te stel, en te kyk, waar ek ander mense kan uitvang, as hulle die een keer dalk óók verkeerd is. Ons kan van nog meer sulke kwaad dinge praat, maar soos Johannes dit in v11 dit opsom, so duidelik staan dit- *Geliefde, moenie navelg wat kwaad is nie, maar wat goed is. Hy wat goed doen, is uit God; maar hy wat kwaad doen, het God nie gesien nie.....*

\*\*\*

Gajus, staan aan die goeie kant, Diotrefes staan aan die kwade kant. Gajus is uit God, Diotrefes is hy wat God nie sien nie. Aan watter kant staan u vandag. Nie wat u sê nie, maar

wat u al gedoen het, dit sal u antwoord moet bepaal. Diotrefes se kwaad lê in wat hy gedoen het, want daar word oor sy leer en sy geloof opvattinge niks verkeerd gesê nie. Maar sy lewens handel en sy lewens gesindheid, dit maak dat hy God nie sien nie.

Hy wat eerste wil wees, dit maak 'n mens se oë so bottoe vir God, en dis die groot saak waar al die ander kwaad uit voortvloei. Hy wat eerste wil wees, is die sonde van eersug en heersug. Om die oorheersende te wil wees, die belangrikste, is absoluut teenoor wat Jesus Christus self geleer en gedoen het. Jesus wat gesê het, dat Hy nie gekom het om te heers nie, maar om te dien, en in die skaduwee van die kruis, het Hy in die skaduwee van elk van sy dissipels gekniel en hulle voete gewas.

\*\*\*

Niemand moet in 'n gemeente die eerste wil wees nie. Baie van die wat eerste wil wees, sal laaste wees, en die wat laaste is, eerste. Dan moet ons as ouderlinge, die hele kerkraad van die kerk van die Here hier, ook besef, om te regeer, is nie om te heers, en om 'n eie mening af te dwing nie, maar om te regeer is om te dien. En u as gemeente het hierin 'n magtige opdrag.

U staan in die amp van gelowige, dit is die primêre amp, 'n ewige amp. In die hemel sal daar nie wees, dominees, ouderlinge of diakens nie, maar net gelowiges. Dominees, ouderlinge, diakens is tydelik, is verbygaande, in 'n sekere sin is hulle sekondêr, die enigste amp wat werklik primêr is, en sal bly bestaan, selfs in die hemele is die amp van gelowige....

Die beginsel is seker duidelik, dat ons hier op aarde altyd sal onthou, Christus het Self die tydelike ampte ingestel, en dat ons die amp en *ampdraers moet respekteer ter wille van hulle roeping en dat 'n ouderling wat goed regeer dubbele eer waardig is* (1 Tim.5:17). Maar die magtige beginsel is ook daar en dit wys Johannes ook vir ons dat 'n gemeente moet ingryp as daar laksheid in die ampsvervulling is, of as heersug 'n kerkraad oorweldig, of as 'n kerkraad nie sy werk doen nie.

\*\*\*

Gajus, Diotrefes, twee manne wat ons teenoor mekaar sien, die een dien, die ander wil die eerste wees. Die een ontvang Johannes en die ander dienaars, gasvry, met 'n gees van waarheid, die ander beskinder en beswadder vir dieselfde Johannes. Om gelowige te wees, is dit nie nodig om 'n ouderling of diaken te wees nie, maar om ouderling of diaken te wees, wees eerder dan gelowig as om dié eerste te wil wees. Dan veg 'n mens elke dag teen die Diotrefes in jouself. 'n Geveg soos die wat ons nou ook in Psalm 121 van sal kan sing –

*My hart is nie hoogmoedig Heer,  
My oog nie trots nie; ek verkeer,  
ek wandel nie in wat te groot,  
te diep is vir u gunsgenoot.....*

En die uiteindelijke vrug – hoe heerlijk die Heilige Gees se werk  
*En dit om 'n siel te kry wat stil is, en weer een is met God se heilige wil*

AMEN